**Vrydag 10 November**
**Skrifgedeelte: Rut 1:1-22**
**Fokusgedeelte: Rut 1:1-22**

**God verbind ons aan Hom deur ons los te maak van die mens wat ons was**

Ná die afsterwe van Elimelek, Maglon en Kiljon, bly die drie weduwees agter – Naomi en haar twee skoondogters, Rut en Orpa. Daar is een van twee opsies op die tafel – hulle kan in Moab bly of hulle kan na Israel toe gaan.

Naomi maak die besluit om terug te keer na haar eie land toe. Sy besef egter dat dit moeilik sal wees vir enige vreemdeling en veral vir ’n vreemde weduwee om hulle te vestig in Israel. Daarom roep Rut drie keer vir Rut en Orpa op om te bly in die land wat hulle ken.

Die eerste keer verseker Naomi beide die dogters dat hulle steeds die Here se seën sal beleef. Tweedens maak Naomi dit duidelik dat sy niks het om te bied aan die dogters nie en laastens, nadat Orpa teruggedraai het, gebruik Naomi haar as voorbeeld om vir Rut te oortuig om agter te bly.

Maar ook dit oortuig nie vir Rut nie. Sy is vasbeslote om saam met Naomi terug te gaan. Rut verbind haarself aan Naomi. Maar Rut maak haarself ook los van Moab en verbind haarself aan God en sy verbondsvolk. Haar persoonlike belydenis en belofte wat sy aan Naomi rig, getuig dat Rut nie meer die gode van Moab dien nie, maar dat sy die verbondsgod van Israel dien.

Dit wat haar identiteit bepaal het in Moab, los sy net daar agter in Moab en gaan Israel toe. So werk die Gees dan ook in die hart van Rut sodat sy saam sal teruggaan na Israel wat vir haar ’n vreemde land is. So word ons ook vandag deur die Gees losgemaak van die mens wat ons was, en verbind tot die gemeenskap van gelowiges wat die eiendom van God is.

*Sing: Skrifberyming 11-2:4*

*Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld)*